

JOËL

Inleiding

Die boek ontleen sy naam aan die profeet wie se profesieë volgens oorlewering daarin opgeteken is. Die naam Joël beteken ‘die HERE is God’.

Joël is die tweede boek in die *Boekrol van die Twaalf Profete* (*Hosea* tot *Maleagi*). Hierdie boeke vorm 'n eenheid in die Joodse en Christelike kanons en die volgorde daarvan is afwisselend dié van 'n buitelandse profeet, gevolg deur 'n binnelandse profeet, soos gesien vanuit Juda. Die profeet Hosea het buite Juda, in Israel opgetree, en Joël binne Juda. In die Septuagint is die volgorde anders, en is Joël die vierde boek.

Oor die profeet Joël is niks behalwe sy naam en dié van sy pa, Petuel, bekend nie. Dit is ook onbekend wie verantwoordelik was vir die opteken van sy profesieë en die redaksionele bewerking daarvan. Uit Joël 3:1-7 is dit onder andere duidelik dat die boek in sy finale vorm uit die tyd ná die Babiloniese ballingskap (586 tot 539 vC) dateer. Die eerste lesers van die volledige boek was waarskynlik persone verbonde aan die tempel in Jerusalem.

Die boek bestaan uit profetespreuke in poëtiese vorm. In die boek word direkte woorde van die profeet en woorde wat hy van die HERE ontvang het, afwisselend gebruik.

“Die dag van die HERE” (1:15; 2:1; 3:14) is 'n sentrale tema in *Joël*. In *Amos* is die dag van die HERE uitsluitlik 'n dag van oordeel, ook oor Israel (Am 5:18-20). In *Joël* is dit 'n dag waarop die HERE nasies gaan

oordeel (3:14), maar Israel gaan red (3:16). Die tempel is reeds herbou, maar die mense kry swaar. Natuurrampe soos 'n sprinkaanplaag (1:4) en 'n rampdroogte (1:20) word gebruik om die verwoestende uitwerking van die naderende dag van die HERE mee te beskryf. Daar is egter hoop vir diegene wat hulle bekeer (2:12-14). Hulle sal weer materiële (2:14,19,21-27) en geestelike (2:28-32) voorspoed in die teenwoordigheid van die HERE (3:17) geniet.

Joël kan soos volg ingedeel word:

1:1 Opskrif

1:2-20 Oproep tot boetedoening

2:1-27 Koms van die dag van die HERE

2:28-32 Hoop vir die toekoms

3:1-17 Oordeel oor die nasies

3:18-20 Oorvloed en redding in Juda en Sion

1

Opskrif

¹*Dit is die woord van die HERE aan Joël, seun van Petuel.

Oproep tot boetedoening

²*Luister hierna, oudstes,
gee aandag, al die inwoners
van die land!

Het so iets al in julle leeftyd gebeur,
of in die leeftyd van julle voorouers?

*1:1 Jer 1:2; Eseg 1:3; Hos 1:1; Miga 1:1; Sef 1:1

*1:2 Hos 4:1; 5:1; Joël 1:14; 2:2

³ *Hiervan moet julle
vir julle kinders vertel,
en julle kinders vir hulle kinders,
en hulle kinders
vir die volgende geslag.

⁴ *Wat die ruspes laat oorbly het,
het die treksprinkane opgevreet;
wat die treksprinkane laat oorbly het,
het die voetgangsprinkane
opgevreet,
wat die voetgangsprinkane laat oorbly het,
het die kaalvreterprinkane
opgevreet.

⁵ *Skrik wakker, dronkaards, en huil,
huil verdrietig, alle drinkebroers,
oor die sap van duiwe,
want dit is voor julle monde weggeruk!

⁶ *Want, 'n nasie het opgetrek
teen my land,
magtig en ontelbaar.
Hulle tande is die tande van 'n leeu,
hulle het die kake van 'n leeuwyfie.

⁷ *Hulle het verwoesting aangerig

*1:3 Eks 10:2; Jos 4:22; Ps 78:4

*1:4 Jes 33:4; Joël 2:25; Am 4:9; 7:1; Nah 3:15,16

*1:5 Jes 32:10; Joël 3:3

*1:6 Joël 2:2,11,25; Op 9:7-8

*1:7 Jes 5:6; Am 4:9

in my wingerd,
en van my vyebome fynhout gemaak.
Hulle het dit heeltemal kaal gestroop,
dit laat val;
die druiweranke staan wit gebleik.

⁸ *Huil soos 'n jongmeisie
wat rouklere aantrek^a
oor die verloofde van haar jeug.

⁹ *Die voorsiening van graan-
en drankoffers aan die tempel
van die HERE is afgesny.

Die priesters treur,
hulle wat in diens van die HERE staan.

¹⁰ *Die landerye is vernietig,
die grond is uitgedor.^b
Ja, die graan is vernietig,
die druiweoes het verdroog,
die olyfoes^c het weggekwyn.

¹¹ *Staan verslae, saaiboere;

***1:8** Jes 22:12; Am 8:10

^a**1:8** wat ... **aantrek**: Letterlik ‘omgord met sak’. As teken van rou, is growwe klere van bokhaar aangetrek.

***1:9** Hos 9:4; Joël 1:13; 2:14,17

***1:10** Jes 24:4,7; Hos 2:8; 9:2

^b**1:10** is **uitgedor**: Word ook vertaal “treur”.

^c**1:10** **druweoes** ... **olyfoes**: Die •bronteks gebruik “jongwyn” en “olyfolie” vir “druweoes” en “olyfoes”.

***1:11** Jes 17:11; Jer 14:4; Am 5:16

huil verdrietig, wingerdboere,
oor die koring en die gars,
want die oes op die land is verlore.

¹² *Die wingerdstok het verdor
en die vyeboom het verwelk,
die granaat, selfs die palm
en die appelboom.

Al die bome van die veld
het verdroog;
ja, die mense se vreugde
het ook opgedroog.

¹³ *Trek rouklere aan en weeklaag,
priesters;
huil, julle wat diens doen by die altaar.
Kom, bring die nag deur in rouklere,
julle wat in diens van my God staan,
want •graanoffer en drankoffer
word weerhou van die huis
van julle God.

¹⁴ *Bepaal 'n heilige vastyd,
roep 'n gewyde byeenkoms uit.
Laat die oudstes^d en al die inwoners
van die land saamkom

***1:12** Jes 24:11; Jer 48:33; Hab 3:17; Hag 2:19

***1:13** Jer 4:8

***1:14** 2 Kron 20:3; Joël 2:15,16; Jona 3:8

^d**1:14 oudstes:** Mense wat aansien in die gemeenskap gehad en 'n leiersrol vervul het.

in die huis van die HERE julle God,
en roep om hulp tot die HERE!

¹⁵ * Ag, daardie dag!

Ja, die dag van die HERE is naby
en dit kom as verwoesting
van die Almagtige^e af.

¹⁶ * Is die kos nie voor ons oë vernietig,
en het die vreugde en blydskap
nie uit die huis van ons God
verdwyn nie?

¹⁷ * Die saad lê uitgedroog
onder die kluite,
die stoorplekke staan verlate,
die graanskure is verwoes;
want die koring het verdor.

¹⁸ * Hoor hoe kla die diere,
die beestroppe maal rond
omdat daar nie weiding
vir hulle is nie,
selfs die troppe kleinvee kry swaar!

¹⁹ * Tot U, HERE, roep ek!

* **1:15** Jes 13:6,9; Jer 30:7; 46:10; Eseg 30:2-3; Joël 2:1-2,11,31; Sef 1:14; Sag 14:1
^e **1:15 Almagtige:** In Hebreeus *sjaddai*. Daar is onsekerheid oor die betekenis van die naam.

* **1:16** Deut 12:6-7; 16:11,14,15; Ps 43:4; Am 4:6

* **1:17** Jes 17:10-11

* **1:18** Jer 12:4; 14:5-6; Hos 4:3

* **1:19** Jer 9:10; Am 7:4

Want vuur het die weiding
in die woestyn^f verteer,
vlamme het al die bome
in die veld verskroei.

²⁰ *Selfs die diere van die veld
smag na U,
omdat die spruite opgedroog
en vuur die weiding in die woestyn
verteer het.

2

Koms van die dag van die HERE

¹ *Blaas die ramshoring op Sion,
maak alarm op my heilige berg!
Al die inwoners van die land moet bewe,
want die dag van die HERE
is aan die kom,

ja, dit is naby!

² *Dit is 'n dag van duisternis
en donkerte,
'n dag van wolke en wolkmassas.
Soos die rooidag wat oor die berge
uitsprei,
so is daar 'n groot en magtige volk

^f**1:19 weiding ... woestyn:** 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

***1:20** 1 Kon 17:7; 18:5; Job 39:3; Ps 104:21; 147:9

***2:1** Jer 4:5; Joël 1:15; 2:11,15,31; 3:14,17; Am 3:6; Ob vs 15; Sef 1:14-16

***2:2** Dan 9:12; Joël 1:2,6; 2:11,31; Am 5:18,20; Matt 24:21

soos daar nog nooit tevore was,
of ooit weer sal wees nie
tot in die verste nageslag.

³ *Voor hulle uit verteer 'n vuur,
en agter hulle verskroei 'n vlam.

Soos die tuin van Eden
is die land voor hulle,
maar agter hulle
lê 'n verlate woestyn.⁸

Boonop is dit nie moontlik
om van hulle te ontvlug nie.

⁴ *Soos perde lyk hulle,
soos oorlogspere, so hardloop hulle.

⁵ *Soos met die geratel van strydwaens
storm hulle oor die bergtoppe,
soos die geknetter van vlamme
wat strooi verteer,
soos 'n magtige volk wat vir die oorlog
opgestel is.

⁶ *Voor hom bewe volke,
almal se gesigte is doodsbleek.

⁷ *Soos krygshelde storm hulle,

*2:3 Gen 2:8-9; Eks 10:5,15; Ps 105:34-35; Sag 7:14

⁸2:3 woestyn: 'n Verlate, deels onherbergsame gebied, met 'n skaarste aan plantegroei, maar waar kleinvee kon wei.

*2:4-5 Op 9:7

*2:5 Jes 5:24; 30:30; Op 9:9

*2:6 Jes 13:8; Jer 30:6; Nah 2:10

*2:7 Spr 30:27

soos krygsmanne klim hulle

teen die stadsmuur uit:

Elkeen van hulle gaan reguit vorentoe,

hulle verander nie van rigting nie.

⁸ Die een hinder die ander nie,

elke manskap bly op koers;

al sneuwel sommige onder die aanslag,

hulle wyk nie af nie.

⁹ *Hulle bestorm die stad,

op die stadsmuur hardloop hulle,

die huise val hulle binne,

deur die vensters klim hulle soos diewe.

¹⁰ *Voor hierdie volk^h bewe die aarde,

skud die hemele.

Son en maan word duister,

die sterre hou hulle glans terug.

¹¹ *En die HERE self verhef sy stem

voor sy leërmag uit,

want geweldig groot is sy leer,

ja, magtig is hulle wat sy bevel uitvoer.

Voorwaar, die dag van die HERE

is groot, uitermate verskriklik —

wie kan dit verduur?

***2:9** Eks 10:6; Jer 9:21

***2:10** Ps 18:8; Jes 13:10; Eseg 32:7-8; Joël 3:15; Nah 1:5; Matt 24:29; Mark 13:24-25; Op 6:12-13; 8:12

^h**2:10 Voor ... volk:** Die •bronteks lui “voor hom”.

***2:11** Joël 1:15; Sef 1:14; Mal 3:2; Op 6:17

¹² * “Maar selfs nou,
keer terug na My met julle hele hart,
vas en huil en rou,”
is die uitspraak van die HERE.

¹³ * Skeur julle harte,
en nie julle klere nie,
draai om na die HERE julle God;
want Hy is genadig en barmhartig,
geduldig en oorvloedig in troue liefde,
Hy het berou oor die onheil
wat Hy bring.

¹⁴ * Wie weet, dalk draai Hy om
en het berou,
en laat 'n seëning agter Hom oorbly —
'n •graanoffer en 'n drankoffer
vir die HERE julle God.

¹⁵ * Blaas die ramshoring op Sion,
bepaal 'n heilige vastyd,
roep 'n gewyde byeenkoms uit.

¹⁶ * Roep die volk byeen,
heilig die geloofsgemeenskap,
versamel die oudstes,
maak die kinders bymekaar,

***2:12** Deut 4:29-30; 1 Sam 7:3; Jer 4:1; Eseg 33:11; Hos 12:7

***2:13** Eks 34:6; Ps 34:19; 51:19; 86:5,15; Jer 18:8; 41:5; Jona 4:2

***2:14** Jer 26:3; Joël 1:9,13; Am 5:15; Jona 3:9; Sef 2:3; Hag 2:19; Mal 3:10

***2:15** Hos 5:8; Joël 1:14; 2:1

***2:16** Eks 19:10,14-15; 1 Sam 16:5; 2 Kron 20:3; 29:5; Jer 36:6,9

ook die suigeling.

Laat die bruidegom uit sy kamer kom,
die bruid uit haar bruidskamer.

¹⁷ *Tussen die voorhof en die altaar
moet die priesters huil,
hulle wat in diens
van die HERE staan.

Hulle moet sê: “Spaar u volk, HERE,
moet u erfdeel nie oorgee
aan vernedering,
sodat nasies met hulle spot nie.

Waarom moet hulle onder die volke vra,
‘Waar is hulle God?’ ”

¹⁸ *Daarop het die HERE Hom
vir sy land beywer,
Hy was jammer vir sy volk.

¹⁹ *Die HERE het geantwoord,
Hy het vir sy volk gesê:
“Kyk, Ek stuur vir julle graan
en nuwe wyn en olie,
sodat julle daarvan versadig
kan word,
Ek gee julle nie langer daaraan oor
om deur die nasies verneder

*2:17 Ps 42:4,11; 44:14; 79:10; 115:2

*2:18 Jes 60:10; 63:9,15; Sag 1:14; 8:2

*2:19 Ps 4:8; Jer 31:12; Eseg 34:29; Hos 2:20,21; Joël 1:10; Mal 3:10-12

te word nie.

²⁰ *Die vyand uit die noordeⁱ
sal Ek uit julle midde verwyder,
Ek sal hom na 'n dor en verlate land
verdryf:
sy voorhoede na die oostelike see,
sy agterhoede na die westelike see.
Sy stank sal opstyg,
sy slegte reuk sal optrek,
omdat hy groot dinge probeer doen het.

²¹ “*Moenie bang wees nie, landerye,
juig en wees bly,
want die HERE doen groot dinge!

²² *Moenie bang wees nie, wilde diere,
want die weiding van die woestyn
word groen,
ja, die bome dra hulle vrugte,
die vyeboom en die wingerdstok
lewer hulle volle opbrengs.

²³ *“Kinders van Sion, juig en wees bly
in die HERE julle God,
want Hy gee vir julle reën

***2:20** Jes 34:3; Jer 1:14,15; Eseg 47:18; Am 4:10; Sag 14:8

ⁱ**2:20** vyand ... noorde: Letterlik ‘die noorderling’.

***2:21** Ps 126:2-3; Jes 54:4; Jer 30:10; Sef 3:16-17

***2:22** Ps 65:13-14; Sag 8:12

***2:23** Lev 26:4; Deut 11:14; Ps 149:2; Jes 12:2-6; Jer 5:24; Hos 6:3; Hab 3:18; Sag 10:1,7; Jak 5:7

as teken van geregtigheid,^j
soos voorheen, sal Hy stortbuie
en laatreëns vir julle laat uitsak.

²⁴ *Dan sal die dorsvloere
vol skoon graan wees,
die kuipe sal oorloop
van wyn en olie.

²⁵ “*Ek sal julle vergoed vir die jare
toe die treksprinkane, die voetgangers,
die kaalvreterers en die ruspes
alles opgevreet het,
daardie groot leërmag van My
wat Ek teen julle uitgestuur het.

²⁶ *Dan sal julle oorgenoeg kan eet
en versadig word,
en julle sal die Naam van die HERE
julle God loof,
wat wonderlike dinge
met julle laat gebeur het.

My volk sal nooit weer
in die skande kom nie.

²⁷ *Dan sal julle weet

^j**2:23 as ... geregtigheid:** Die bronteks lui net: “as geregtigheid”. Dit dui daarop dat die verhouding tussen God en sy volk herstel is.

***2:24** Lev 26:10; Am 9:13; Mal 3:10

***2:25** Joël 1:4-7; 2:2-11; Am 4:9

***2:26** Lev 26:5; Deut 11:15; Ps 126:2-3; Jes 45:17; 62:9

***2:27** Lev 26:11,12; Deut 4:35,39; Jes 45:5-6; 49:23; Joël 3:17,21

dat Ek in julle midde is, Israel.
Ek is die HERE julle God
en niemand anders nie.
My volk sal nooit weer
in die skande kom nie.”

Hoop vir die toekoms

²⁸ k*“Ná hierdie dinge sal Ek
my Gees uitstort op alle mense.
Dan sal julle seuns en julle dogters
profeteer.
Julle ou mense sal drome droom,
en julle jong mense sal visioene sien.
²⁹ *Selfs op die slawe en slavinne
sal Ek in daardie dae
my Gees uitstort.
³⁰ *Ek sal tekens gee in die hemel
en op aarde:
bloed en vuur en kolomme rook.
³¹ *Die son sal verander word
in donkerte,
en die maan in bloed,

^k**2:28-32** Die bronteks en sommige vertalings nommer hierdie verse as Joël 3:1-5.

^{*}**2:28-32** Hand 2:17-21

^{*}**2:28** Jes 32:15; 44:3; Eseg 39:29; Sag 12:10; Mark 1:8; Joh 7:39; Hand 2:17; Gal 3:14; Tit 3:6

^{*}**2:29** 1 Kor 12:13; Gal 3:28

^{*}**2:30** Matt 24:29-30; Mark 13:24-25; Luk 21:11,25-26; Hand 2:19

^{*}**2:31** Jes 13:9-10; 34:4; Joël 2:10; 3:15; Sef 1:14-16; Mal 4:1,5; Matt 24:29; Mark 13:24-25; Hand 2:20; Op 6:12-13

voordat die dag van die HERE aanbreek,
daardie groot en verskriklike dag.

³² *Dan sal elkeen wat die Naam
van die HERE aanroep, ontkom;
want op die berg Sion en in Jerusalem
sal daar ontvlugting wees,
soos die HERE gesê het.¹
Net hulle wat deur die HERE
geroep word, sal vry wees.”

3

Oordeel oor die nasies

^{1 m}“*Ja, wanneer Ek in daardie dae,
in daardie tyd,
die lot van Juda en Jerusalem
verander,
² *sal Ek al die nasies versamel
en hulle afbring na die vallei
van Josafat!ⁿ
Ek sal daar met hulle in 'n regstryd tree
oor my volk en my erfdeel,
oor Israel, wat deur hulle

*2:32 Jes 11:11; 46:13; Jer 31:7; Miga 4:7; Hand 2:21,39; 22:16; Rom 10:13

¹2:32 op die ... gesê het: Dit is 'n uitgebreide aanhaling uit Ob vs 17.

^m3:1-21 Die •bronteks nommer hierdie verse as Joël 4:1-21.

*3:1 Jer 30:3; 32:44; 33:7,11; Eseg 39:25

*3:2 Jes 66:18; Jer 25:31; 50:17; Eseg 35:10; 36:1-5; Joël 3:12; Miga 4:12; Sef
3:8; Sag 14:2

ⁿ3:2 Josafat: Die naam beteken ‘die HERE oordeel’.

onder die nasies verstrooi is.
Hulle het my land verdeel
³ * en oor my volk lootjies getrek.
Hulle het die seuns geruil
vir prostitute
en die meisies verkoop
vir wyn en dit uitgedrink.

⁴ * “* Verder, wat het julle
met My te doen,
Tirus en Sidon
en al die gebiede van Filistea?
Wil julle julle op My wreek?
As julle My iets wil aandoen,
sal Ek gou, blitsvinnig, julle dade
op julle koppe laat neerkom,
⁵ * omdat julle my silwer en my goud
gevat het;
my kosbare skatte het julle
in julle tempels ingevat
⁶ * en die kinders van Juda en Jerusalem
het julle aan die Grieke verkoop
om hulle ver van hulle

* **3:3** Am 2:6; Ob vs 11; Nah 3:10

* **3:4-8** Jes 14:29-31; 23:1-18; Jer 25:15-27; Eseg 26:2—28:19; Matt 11:21-22; Luk 10:13-14

* **3:4** Jer 47:4; Eseg 25:15-16; Am 1:6-9; Sag 9:5-7

* **3:5** 2 Kron 21:16-17; Klaagl 1:10-11

* **3:6** Jes 66:19; Eseg 27:13; Sag 9:13

grondgebied weg te neem.

⁷ *Kyk, nou gaan Ek hulle ontbied^o
uit die plek waarheen julle
hulle verkoop het.

Ek sal julle dade op julle koppe
laat neerkom:

⁸ *Ek gaan julle seuns
en julle dogters verkoop
aan die kinders van Juda,
en hulle sal hulle weer verkoop
aan die Sabeërs,^p
aan 'n nasie ver hiervandaan.”

Voorwaar, die HERE het dit self gesê.

⁹ *Roep dit uit onder die nasies,
berei voor vir 'n heilige oorlog,
ontbied die krygshelde;
laat al die krygsmanne nader kom,
laat hulle optrek.

¹⁰ *Smee van julle ploegskare swaarde,
en van julle snoeimesse steekspiese,
selfs die swakke moet sê:
“Ek is 'n held!”

***3:7** Jes 43:5-6; Jer 23:8

^o**3:7 ontbied:** Word ook vertaal “laat opstaan”.

***3:8** Job 1:15; Ps 72:10; Jes 14:2; 60:14

^p**3:8 Sabeërs:** Die mense van •Skeba.

***3:9** Jes 8:9; Jer 6:4; 46:3-4; Miga 3:5; Sag 14:2-3

***3:10** Jes 2:4; Miga 4:3

¹¹ *Maak gou en kom,
maak al die omringende nasies
bymekaar.
HERE, laat u krygshelde terugkeer!^q

¹² *^q“Die nasies moet in beweging kom
en optrek na die vallei van Josafat,
want dit is waar Ek gaan sit
om al die omringende nasies te oordeel.”

¹³ *Steek die sekel in,
want die oes is ryp!
Klim in, trap,
want die parskuip is vol
en die giskuipe loop oor,
want hulle boosheid is groot!

¹⁴ *Skares, daar is skares mense
in die dal van beslissing!
Ja, die dag van die HERE is naby
in die dal van beslissing!

¹⁵ *Die son en maan word donker,

***3:11** Jes 13:3; Eseg 38:15-16

^q**3:11** laat ... **terugkeer**: Daar is onsekerheid oor die betekenis van die bronteks,
en dit word verskillend vertaal.

***3:12** Ps 7:7; 98:9; Jes 3:13

***3:13** Jes 63:2-3; Jer 51:33; Klaagl 1:15; Hos 6:11; Matt 13:30,38; Op 14:15,18;
19:15

***3:14** Jes 34:2-8; Joël 1:15; 2:1,11; Sef 1:7

***3:15** Job 9:7; Eseg 32:7; Joël 2:10,31; Matt 24:29; Mark 13:24-25; Op 6:12-13; 8:12

die sterre hou hulle glans terug.

¹⁶ *En die HERE, uit Sion brul Hy,
uit Jerusalem verhef Hy sy stem,
sodat hemel en aarde bewe.

Maar die HERE is 'n toevlugsoord
vir sy volk,
'n skuilplek vir die Israeliete.

¹⁷ *“Dan sal julle weet
dat Ek, die HERE, julle God is,
wat woon op Sion, my heilige berg.
Dan sal Jerusalem 'n heilige plek wees,
en vreemdes sal nie weer
deur haar^r gebied trek nie.”

Oorvloed en redding in Juda en Sion

¹⁸ *Op daardie dag sal die berge
drup van die sap van druiwe,
en die heuwels sal vloei van melk,
en al die spruite van Juda
sal stroom van water.
'n Fontein sal uit die huis
van die HERE vloei,

***3:16** Ps 46:2; Jes 25:4; Jer 16:19; 25:30; Hos 11:10; Am 1:2; Hag 2:6

***3:17** Eks 6:6; Jes 4:3; 11:9; 52:1; Eseg 20:40; Joël 2:27; Ob vs 16-17

^r**3:17 haar:** Jerusalem en ander stede word dikwels in die Bybel simbolies as vroulik voorgestel.

***3:18** Eks 3:8; Num 25:1; Jes 30:25; 35:6; Eseg 47:1-12; Am 9:13; Sag 14:8; Op 22:1

en dit sal die Sittimdal^s natlei.

¹⁹ *Egipte sal 'n verlate plek word
en Edom 'n verlate woestyn
vanweë die geweld
teen die kinders van Juda,
omdat hulle onskuldige bloed
in Juda vergiet het.

²⁰ *Maar Juda sal vir altyd bly,
en Jerusalem van geslag tot geslag.

²¹ *“Ek sal hulle bloed wreek
wat Ek voorheen
nie gewreek het nie.”^t

Ja, die HERE woon in Sion!

^s**3:18 Sittimdal:** Letterlik ‘die rivierloop van Sittim’ of ‘die rivierloop van akasiabome’. Die presiese geografiese ligging waarna die profeet verwys, is onbekend.

***3:19** Jes 19:1; Eseg 25:12-14; Ob vs 10

***3:20** Eseg 37:25; Am 9:15

***3:21** Jes 4:4

^t**3:21 Ek sal ... het nie:** Die •Septuagint en •Peshitta word hier gedeeltelik gevolg. Die •bronteks lui “Ek sal hulle •bloedskuld ongestraf laat, wat Ek voorheen nie ongestraf gelaat het nie.”